# Ontgin die talent in jou gemeenskap


FRIEDA JANSE VAN RENSBURG
**Bibliotekaris, Albertinia Biblioteek**






*Ons ontvang gereeld pragtige foto's van uitstallings gemaak deur óf bibliotekarisse óf gebruikers. Vanjaar het ons besluit om 'n spesiale plekkie aan hierdie kunstenaars af te staan en gaan voortaan hul oorspronklike werk met ons lesers deel. Ons sal egter steeds wenke en uitstallings gemaak deur ons grafiese kunstenaar, Monica Wagner, publiseer. (Sien die VIGS uitstalling hiernaas.)*

Anne-Marié Pretorius wat tekstielontwerp by die Pretoriase Technikon gestudeer het, het as gevolg van 'n motorongeluk teen die einde van haar tweede jaar nie haar studies voltooi nie en by 'n koerant begin werk. In haar eerste studiejaar het sy egter alle beskikbare kunsvakke geneem wat haar die nodige agtergrond gegee het. Sy is nou nog lief vir skilder.




In 1999, met die begin van die Anglo-Boereoorlog herdenking, ontvang die biblioteek 'n bloklening vanaf Mosselbaaistreek en aangesien geen plakkaat beskikbaar was nie, is Anne-Marié gevra om een te maak. Sy maak toe twee plakkate - een vir 'n nie-fiksie - en een vir 'n fiksie-uitstalling en sedertdien doen sy al die uitstallingswerk in die Albertinia Biblioteek.

Een onderwerp, byvoorbeeld, musiek, word soms deurlopend deur die hele biblioteek gebruik. Andersins word vier verskillende uitstallings gemaak. Gewoonlik twee in die volwasse afdeling, een aan die kleinkinderkant en een vir die groter kinders. Sekere permanente uitstallings is gemaak soos, byvoorbeeld, oor VIGS en dan ook 'n tienerhoekie. Plakkate van een afdeling word soms in verwerkte vorm in 'n ander afdeling hergebruik.



Verskillende tegnieke word gebruik vir die maak van die plakkate, byvoorbeeld:

- tekening met pastelle
- fotostate wat ingekleur word met pastelle, waterverf of koki's
- drie-dimensionele prente
- collage's gemaak met fotostate of ou gedrukte biblioteekplakkate
- voorwerpe soos, byvoorbeeld, musiekinstrumente of Kerstoneeltjies, word uit karton gemaak en word dan as deel van uitstallings gebruik.

Uitstallings word maandeliks vervang. Boeke wat by uitstallings gebruik word, is gewoonlik fiksie en nie-fiksie.

'n Baie geslaagde werkswinkel is laat verlede jaar by Albertinia Biblioteek vir die bibliotekarisse van Langeberg Munisipaliteit aangebied. Anne-Marié het vir hulle gewys hoe om 'n drie-dimensionele plakkaat van fotostate te maak. Die tema was *Lente* en die bibliotekarisse is terug na hul onderskeie biblioteke met 'n voltooide plakkaat om op 1 September 2003 in 'n uitstalling te gebruik. Almal het dit baie geniet en dit was die opoffering van 'n Saterdagoggend werd.

Dit is dus die moeite werd om 'n soektog op tou te sit vir so 'n staatmaker in jóú gemeenskap. Biblioteekpersoneel word dan losgemaak van daardie verantwoordelikheid en die biblioteek baat by gereelde uitstallings.